



JAARVERSLAG



2011



Voorblad en bo: Leersentrum en Navorsingsruimte

INHOUD

1. Inleiding	3
2. Hoogtepunte van die jaar	3
3. Ons strategiese prioriteite	5
3.1 Herinrigting van biblioteekruimtes	5
3.2 Bevordering van inligtingsgeletterdheid	7
3.3 Bevordering van 'n kultuur van leer en innovasie onder personeel	8
3.4 Uitbreiding en aanvulling van 'n volledige verskeidenheid inligtingshulpbronne	9
3.5 Vryelike deel van institusionele vakkundige publikasie-uitsette	11
3.6 Gebruik van geskikte inligtingstegnologie om vakkundigheid te bevorder	12
4. Vennootskappe en samewerking	13
5. Spesiale geleenthede	14
6. Spesiale Versamelings: bydrae tot navorsingspublikasie-uitset	14
7. Slotopmerkings	15

1. Inleiding

“What can we do as academic librarians to better prepare ourselves for what is certainly an uncertain future? We just have to think more entrepreneurially and look for these opportunities.”

(Steven J. Bell in *Academic Librarianship by Design: A Blended Librarian's Guide to the Tools and Techniques*.)

Hierdie stelling deur Bell bring 'n nuwe visie vir die toekomstige ontwerp van akademiese biblioteke na vore wat bibliotekarisse in staat stel om onmisbare vennote in die onderrig-, leer- en navorsingsbedrywighe van universiteite te word deur hulself by die akademiese proses te integreer. In die afgelope paar jaar is akademiese biblioteke aansienlik geraak deur onder meer die prysstygings van boeke en vaktyd-skrifsubskripsies, snelle groei in toepaslike inligtingstechnologie sowel as die ooptoegangsbeweging. Veranderende pedagogiese needsake en tersaaklike tegnologie het voorts nuwe stukrag aan die toename in e-leer verleen.

Histories beskou, is akademiese biblioteke nog altyd gekenmerk deur versamelings 'vir die wis en die onwis', statiese biblioteekruimtes ter ondersteuning van selfstudie, onbedoelde gebruikerservarings, en persoonlike of telefoniese naslaandienste. Biblioteekgebruikers was hoofsaaklik studente en akademiese personeel van die tuisinstelling; studente en personeel is met navorsingstake bygestaan; die waarde van die biblioteek is beoordeel aan die hand van die grootte van sy versameling, en verhoudings met fakulteite was beperk en slegs gegrond op navorsingsbehoefte. Die biblioteek was in wese 'n reaktiewe steundiens.

In die laaste jare was daar egter 'n groot paradigmaskuif vanweë veranderende pedagogiese paradigmas en die gepaardgaande tegnologiese ontwikkelings. Hierdie veranderende paradigmas het gelei tot intydse versamelings; buigsame, gebruikersgerigte ruimtes; dienste wat met die oog op gebruikerservarings ontwerp is; digitale naslaandienste ter ondersteuning van 'n nuwe kader leerders, synde ongeaffilieerde wêreldleerders, en onderrig en leer wat in kursusse veranker is. Die waarde van die biblioteek kom al hoe meer tot uiting in uitgebreide vennootskappe op kampus, en die biblioteek en fakulteite is deesdae medeskeppers van gesamentlike navorsingsprojekte.

Sedert bibliotekarisse hierdie transformasie begin snap het, het nuwe visies en toekomste te voorskyn getree. Die toekomstige rol van die akademiese biblioteek sal gekenmerk word deur voltyds bekombare versamelings, samewerkingsruimtes wat in akademiese eenhede veranker is, hoogs geötomatiseerde mobiele naslaandienste, en bibliotekarisse wat by onderrig en leer geïntegreer is. Die waarde hiervan sal deur leeraanalise getoon word, en verhoudings met fakulteite sal op vennootskappe met ongeaffilieerde navorsingsentrepreneurs berus.

Biblioteke is daadwerklik besig om hulself vir die digitale era te herskep. Tog moet hulle soos verkleurmannetjies by nuwe eise en needsake kan aanpas. Sommige voorspel dat die universiteitsbiblioteek van die toekoms oor baie min personeel sal beskik, hoogs gedentraliseer sal wees en fisies uit weinig meer as spesiale versamelings en studieruimtes sal bestaan.

Die Universiteit Stellenbosch se Biblioteek- en Inligtingsdiens het in 2011 'n ambisieuse program van werksaamhede aangepak en is allerweë vir sy suksesvolle inisiatiewe geloof. Die oorkoepelende doel van die Biblioteek se inisiatiewe was om tot die Universiteit se *Strategiese Plan 2011–2016* by te dra. In die ontwikkeling van strategiese werksaamhede vir 2011 het die Biblioteek 'n versameling strategiese doelwitte en instaatstellers aanvaar wat 'n doeltreffende en doelmatige Biblioteek- en Inligtingsdiens kon help skep, wat op sy beurt direk tot die Universiteit se fokusgebiede en die Viserektor (Navorsing) se vyf strategiese doelwitte kon bydra. Die tema vir 2011 was “'n 21ste-eeuse akademiese biblioteek vir 'n sMArTIE”.

Die tema vir 2011 was “'n 21ste-eeuse akademiese biblioteek vir 'n sMArTIE”.

2. Hoogtepunte van die jaar

Die nuwe leeromgewings in die JS Gericke Biblioteek, naamlik die Leersentrum en die Navorsingsruimte, was 'n belangrike tree nader aan die verwesenliking van die Biblioteek- en Inligtingsdiens se strategiese doel om die Biblioteek in 'n lewendige en aantreklike fisiese en virtuele ruimte te ontwikkel.

Die Leersentrum is amptelik op 16 Februarie 2011 as 'n HOOP-inisiatief van die Universiteit geopen. Sedertdien is die Leersentrum duidelik 'n reuse sukses, met duisende studentebesoeke elke maand.



Links: Me Ellen Tise, met prof Russel Botman, dr Paul Cluver en prof Arnold van Zyl by die amptelike opening van die Leersentrum.

Regs: Prof Russel Botman, mnr Pravin Gordhan en prof Fikile Mazibuko by die opening van die Navorsingsruimte.



Die Navorsingsruimte is amptelik in Mei geopen en staan sedert November as die Carnegie Navorsingsruimte bekend. Die naamgewingsplegtigheid het terselfdertyd die Universiteit se eeu-oue verhouding met die Carnegie-korporasie van New York gevier. Sowel die Leersentrum as die Navorsingsruimte is ontwikkel om samewerkende navorsing en studentegerigte leer te ondersteun.

Ter aanvulling van die beleggings met die oprigting van die Leersentrum en Navorsingsruimte was daar ook uitstekende vordering met die verdere ontwikkeling van inligtingsgeletterdheidsprogramme om deurset-syfers en navorsingsuitsette aan die Universiteit Stellenbosch te verhoog. Altesaam 160 opleidingssessies is gedurende 2011 in die e-klaskamer van die Leersentrum vir 'n totaal van 4 072 studente aangebied. 'n Suksesvolle nagraadse opleidingsprogram is ook ontwikkel. Daarbenewens is etlike soekstrategie- en outeurswerksessies binne die bestek van die Elsevier-vennootskap gehou.

Die kern van die Biblioteek se dienslewering is om hulpbronne en instrumente te bekom om die Universiteit se navorsingsuitsette uit te brei, te handhaaf en te bestuur. In hierdie verband is nuwe databasis- en vaktyskrifpakkette gedurende 2011 ter verryking van die bestaande versameling verkry. Die aantal elektroniese vaktyskrifte in die versameling het van 51 100 titels tot 60 900 toegeneem. Elektroniese boeke het van 7 600 titels tot 8 900 toegeneem.

Die Elsevier-vennootskap het die Universiteit van aanlyninhoud en geleentheid voorsien om vak-kundigheid van gehalte aan die instelling te bevorder. In Mei 2011 het deelnemers 'n werksessie oor die veranderende landskap van akademiese navorsing en publikasie bygewoon om tendense in akademiese navorsing sowel as publikasie in internasionale vaktyskrifte te bespreek. Die Biblioteek het ook in Julie 'n werksessie oor navorsingsprestasiëbeoordeling aangebied om die Universiteit se navorsingsterkpunte te verken en die norm daarvoor te bepaal.

Die Biblioteek het gedurende Internasionale Ooptoegangswaek in Oktober 'n tweede seminar oor oop toegang aangebied. Die Universiteit Stellenbosch het die eerste Afrika-instelling geword om die publikasie van vaktyskrifte deur middel van Open Journal Systems te aanvaar. Elf ooptoegangstydskrif-titels is deur die SUNJournals-projek vir publikasie bekend gestel. In pas met die beginsel om die Universiteit se navorsingsuitsette vryelik te deel, het die Biblioteek die institusionele navorsingsbewaarplek, SUNScholar, aansienlik uitgebrei. Die bewaarplek bevat nou bykans 16 000 items, en is een van die grootste in sy soort in Afrika.

Nóg 'n mylpaal wat met die Universiteit Stellenbosch se leidende rol in die bevordering van oop toegang strook, was die stigting van 'n Ooptoegangsfonds vir die instelling. In Julie 2011 is finansiering uit die Universiteit se Strategiese Fonds bewillig sodat die Biblioteek 'n Ooptoegangsfonds kon stig. Die doel van hierdie fonds is om navorsers van die Universiteit te help om in ooptoegangstydskrifte te publiseer. Tot dusver is sowat R150 000 uit die Ooptoegangsfonds aan navorsers toegeken.

In 2011 is daar ook beduidende vordering gemaak met die ontwikkeling van 'n nuwe, funksierike en gebruikersgerigte webtuiste vir die Biblioteek. Die ontwerp van die webtuiste voorsien in die eietydse behoeftes van studente, met 'n sterk klem op 'soek en vind'. 'n Ten volle mobiele weergawe van die webtuiste is terselfdertyd ontwikkel wat ook 'n wye verskeidenheid ander databasisse en instrumente bied.

In November het die Biblioteek weereens 'n baie suksesvolle simposium aangebied. Die simposium het op navorsingsbiblioteke in die 21ste eeu gekonsentreer en gesprekvoering aangemoedig oor die veranderende navorsingsomgewing waarin biblioteke hulself bevind.

Al hierdie mylpale het bygedra tot 'n samehangende Biblioteek- en Inligtingsdiens, wat die ondersteuning van navorsingsuitnemendheid en die versnelling van kennisproduksie najaag.

3. Ons strategiese prioriteite

3.1 Herinrigting van biblioteekruimtes

Die alomteenwoordige aard van inligting sowel as die snelle ontwikkeling van toepaslike tegnologie het 'n beduidende invloed op die veranderende paradigmas van hoëronderrysbiblioteke. Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het die uitdaging aanvaar om biblioteekruimtes nuut in te rig ten einde fisiese uitleg en die gepaardgaande fasiliteite en dienste met 'n veranderende hoëronderryspedagogie te versoen. Die beginsel van kritiese denke en samewerkende studie, teen die agtergrond van die nalatenskapmetode van selfstudie, word dus nou deur die twee nuwe leeromgewings in die Biblioteek, naamlik die Leersentrum en die Navorsingsruimte, ondersteun.

Leersentrum

Die opening van die Leersentrum in die hoofbiblioteek op 31 Januarie 2011 was 'n belangrike stap ter verwesenliking van die Biblioteek- en Inligtingsdiens se kernstrategiese doelwitte, naamlik om die Biblioteek in 'n lewendige en aantreklike fisiese en virtuele ruimte te ontwikkel wat samewerking, sosiale skakeling, privaatstudie en besinning aanmoedig. Dié sentrum, wat as een van die Universiteit se HOOP-inisiatiewe gefinansier is, was onmiddellik 'n sukses. In 2011 het 50% van alle studente van die Universiteit Stellenbosch die Leersentrum reeds minstens een keer besoek.

Die uiteindelige visie vir die Leersentrum is om 'n ruimte te voorsien waar kritiese denke ontwikkel en kennis geskep sal word. Sodoende sal die Biblioteek- en Inligtingsdiens aansienlik bydra tot 'n toename in studentesukses aan die Universiteit. Hoewel die Leersentrum maar net 'n jaar aan die gang is, het dit sigself reeds in hierdie kort tydperk – in die woorde van die Rektor en Visekanselier van die Universiteit by die openingsplegtigheid – as 'n waarlik suksesvolle “belegging in uitnemendheid” bewys wat vinnig besig is om 'n kragtige bydrae tot studentesukses aan die Universiteit te lewer. Die fasiliteit, wat onder die leuse “Be a Smart Matie/Wees 'n Smart Matie” bemark is, was 'n onmiddellike sukses, en nuuskierige studente het van die eerste dag reeds in groot hoeveelhede ingestroom om die ruimte, rekenaars en dienste te gebruik. Dertig goed opgeleide studente-assistente en twee inligtingsdiensbibliotekaris se het die twee voltydse Leersentrumbibliotekaris se met dienslewering bygestaan.

'n Meningsopname in Augustus en September het bewyse ingesamel van die doeltreffendheid en diensgehalte van die Leersentrum sowel as die mate waarin

die Leersentrum studente in staat stel om hul akademiese doelwitte beter te bereik. In die opname is studente gevra of die Leersentrum na hulle mening waarde tot hul studieproses toevoeg. Altesaam 90,15% van die 325 respondente het positief hierop gereageer. 'n Totaal van 97 van die studente het gedink dat die Leersentrum waarde toevoeg weens die pasgemaakte ruimtes vir groepstudie en -navorsing; 64 het gemeen dat die waarde uit die goeie tegnologie-aanbod van die fasiliteit sowel as maklike toegang daartoe spruit, terwyl 32 studente aangedui het dat die beskikbare navorsingsteun die hoofbron van toegevoegde waarde was.

Die volgende kommentaar toon duidelik die toegevoegde waarde wat studente uit die Leersentrum put:

“Sedert die Leersentrum in die JS Gericke Biblioteek in 2011 geopen het, merk ek 'n toename in my eie akademiese produktiwiteit. Dit is vir my makliker om te konsentreer in 'n omgewing waar daar net 'n bietjie geraas en aktiwiteit om my is, en die Leersentrum bied my presies dit. In teenstelling met ander ruimtes op kampus waar ek hierna gesoek het, verseker die Leersentrum se verbintenis tot navorsing dat die atmosfeer te alle tye akademies is, met hulpbronne soos naslaanwerke en hulpvaardige assistente byderhand. Ek gebruik die Leersentrum, want dit is 'n omgewing waar navorsing maklik is én groot pret daarby. Na my mening is die sleutel tot my eie verandering in leergedrag die estetiese aantrekkingskrag van die Leersentrum. Die uitleg moedig studente aan om kreatief en interaktief te wees – noodsaaklike faktore ter bevordering van kritiese denke. Ongelukkig beteken die beperkte ruimte dat die al hoe gewilder Leersentrum vroeg in die dag reeds vol is, en dit kan studente dalk ontmoedig indien hulle moet wag om die fasiliteite te gebruik. Indien die hele Biblioteek opgeknop kon word om soos die Leersentrum te lyk, sal die ganse JS Gericke Biblioteek ongetwyfeld deel in die sukses wat die gebruikers van hierdie innoverende ruimte vier.” (Stephan Meyer, BA Honneurs in Afrikaans en Nederlands (Letterkunde))

Carnegie Navorsingsruimte

Die Navorsingsruimte het in Maart 2011 in werking getree en is by 'n seremoniële geleentheid in Mei 2011 amptelik deur die hoofspreker op die program, die Minister van Finansies, mnr Pravin Gordhan, geopen. Die Minister se kommentaar oor die behoefte aan die ontwikkeling van “buitengewone kennis” in 'n onderling verbonde omgewing beklemtoon die belang van die Navorsingsruimte in die strewe na die kerndoelwitte van die Universiteit, veral wat die uitbreiding van die kennisbasis en die verbetering van studentesukses betref.

Dit is 'n kernmerk van die Navorsingsruimte om 'n omgewing vir nagraadse studente en navorsers te skep, in pas met die beginsel van samewerking vir beter dienslewering ter ondersteuning van 'n kreatiewe en verbeterde navorsingsproses. Die goue draad deur hierdie oogmerk is om tot die verhoging van nagraadse deursyfers sowel as die versnelling van navorsingsuitsette by te dra. Dít beklemtoon dat die Biblioteek- en Inligtingsdiens 'n strategiese rolspeler is in die navorsingsproses vir plaaslike, nasionale én internasionale navorsingsproduksie.

Die Navorsingsruimte word as een van die beste navorsingsentrumfasiliteite op die vasteland beskou; trouens, dit is vergelykbaar met van die bestes ter wêreld. Buiten dat dit 'n esteties aangename en bevorderlike ruimte vir studie bied, bring die fasiliteit die menigte onderling verwante fasiliteite en dienste oor die hele kampus op 'n sentrale punt byeen, en stel dít die Navorsingsruimte in staat om 'n verbeterde en produktiewe navorsingservaring op unieke wyse te ondersteun.

Samewerking tussen die Biblioteek en die Universiteit se steuneenhede, soos die Afdeling Navorsingsontwikkeling, die Nagraadse en Internasionale Kantoor, die Sentrum vir Statistiese Konsultasie, die Skryflaboratorium en InnovUS, dra by tot 'n holistiese diens om studente- en navorsingsukses te fasiliteer. Die unieke aard van die Navorsingsruimte blyk uit die aansienlike getal kollegiale besoeke wat die fasiliteit al van oor die hele land sowel as die res van die vasteland ontvang het om inligting oor die struktuur, filosofie, modelle en bedrywighede daarvan in te win.

Die gewildheid van die fasiliteit by die gebruikersgemeenskap was uit die staanspoor duidelik. In Oktober het die kaartleser by die deur 8 249 besoeke aangeteken. Van meet af aan is die fasiliteit se sitruimte daaglik teen vroeg- tot middeloggend reeds optimaal benut deur entoesiastiese gebruikers wat seker maak dat hulle die Navorsingsruimte voor 08:30 soggens bereik.

By 'n plegtigheid in November het die Navorsingsruimte amptelik die naam Carnegie Navorsingsruimte gekry ter ere van die filantroop Andrew Carnegie sowel as ter viering van die Carnegie-korporasie van New York se honderdjarige bestaan in 2011. Daarbenewens kan die Universiteit se verhouding met die Carnegie-korporasie ook al tot die vorige eeu teruggevoer word – 'n eeu waarin die Universiteit etlike finansiële en ander bydraes van die korporasie ontvang het. In die lig van die korporasie se honderdjarige mylpaal; hul soveelste finansiële bydrae tot die Universiteit, hierdie keer tot die vestiging van die



Prof Tade Akin Aina van die Carnegie-korporasie van New York en prof Arnold van Zyl, Vise-Rektor: Navorsing by Stellenbosch Universiteit onthul die nuwe naam van die Carnegie Navorsingsruimte

navorsingsfasiliteit, sowel as die Universiteit se langdurige verbintenis met die korporasie, was dit dus heel gepas om die Navorsingsruimte die Carnegie-naam te gee.

'n Jaar nadat die Carnegie Navorsingsruimte sy deure vir nagraadse studente geopen het, reken baie dat dié fasiliteit hul produktiwiteit 'n aansienlike hupstoot gegee het:

“Die skep van 'n ruimte soos dié vir nagraadse studente het my laat voel die Universiteit gee om vir my en wil my sien slaag – dit laat my spesiaal voel, en ek dink dit spoor my onbewustelik aan om nóg harder te werk.” (Jenni Carstens, 'n magisterstudent in Bedryfsielkunde)

“Ek het nog nooit daarvan gehou om in 'n biblioteek te werk nie, maar sedert ek in Januarie Stellenbosch toe gekom het, gebruik ek daaglik die Navorsingsruimte. Dit is beter as enigiets anders wat ek tot dusver ervaar het – die groot lessenaars, die gemaklike stoele, en die sitkamer waar jy kan ontspan en koffie drink, is alles fantasties.” (Johanna Wilkens van die Universiteit van Jena in Duitsland wat die Universiteit Stellenbosch vir drie maande besoek het om navorsing vir haar doktorsale studie in Arbeidsreg te onderneem)

“Die HOOP-projek se kernfunksies sluit navorsing en gemeenskapsinteraksie in. Ek beskou die Navorsingsruimte as 'n belangrike stap ter ondersteuning van



Grafiese voorstellings van die nuwe Ingenieurs- en Bosboubiblioteek

navorsing deur die skep van 'n stil en bevorderlike ruimte vir studie en intellektuele wisselwerking deur nagraadse studente en navorsers. Die Navorsingsruimte bied die stilste (met die mins moontlike steurnis van mense wat kom en gaan) en modernste omgewing vir individuele studie, groepbesprekings en wisselwerking met ander navorsers op verskillende vakgebiede van binne sowel as buite die Universiteit. Dit is 'n onafhanklike fasiliteit wat die beste moontlike geleentheid vir akademiese produktiwiteit bied, met 'n ruimte vir gerieflike ontspanning tussendeur. Dit bied 'n magdom voordele – sommige het ek reeds genoem. Dit bied onder meer 'n stil ruimte vir studie, gesprekvoering en portuuraanbiedingsfasiliteite; volledige en toereikende hulpbronne; 'n 'eenstopwinkel' vir 'n navorsers; 'n uiters gerieflike, ontspanne omgewing; baie hulpvaardige en bedagsame personeel, ensovoorts. Die Navorsingsruimte is die biblioteekbestuur van die Universiteit se beste idee tot dusver. Die fasiliteitsbestuur is uiters dinamies, en reageer op kliënte se behoeftes.” (Farai Terera, PhD in Natuurwetenskappe)

Ander biblioteekruimtes

Bepanning vir 'n nuwe, bruisende fisiese biblioteekruimte vir Ingenieurswese en Bosbou in die Fakulteit Ingenieurswese het goed gevorder in die jaar onder beskouing. Dié ontwikkeling kom op presies die regte tyd, aangesien die Universiteit dit ten doel stel om die inname van Ingenieurswese-studente in die Fakulteit te verhoog.

Ook by die Gesondheidswetenskappe Biblioteek op Tygerbergkampus het alle rolspelers in 2011 met aanvanklike gesprekke en beplanning vir die her-

inrigting van 'n gedeelte van daardie biblioteek begin. Die beplanning behels onder meer die inrigting van 'n elektroniese klaskamer vir 'praktiese' biblioteekopleiding.


Al hierdie inisiatiewe sal bydra tot die Universiteit se strewe om studentesukses te verbeter.

3.2 Bevordering van inligtingsgeletterdheid


Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het ook met groot welslae aanhou werk aan nóg een van sy strategiese doelwitte vir die tydperk 2010 tot 2015, naamlik om in vennootskap met fakulteite, die Taalsentrum, die Taakspan oor Akademiese Geletterdheid en ander rolspelers die inligtingsgeletterdheidsvaardighede van Stellenbosse studente uit te brei. Die doel van hierdie intervensie is om die inligtingsopsporingsvaardighede en die etiese gebruik van sodanige inligting vir navorsingsuitsette van gehalte sowel as studentesukses te verbeter. Altesaam 61% van alle studente is in 2011 in groepsverband opgelei (grafiek 1). Huidige voorgraadse kredietdraende programme waarin fakulteitsbibliotekarisse in inligtingsgeletterdheid klas gee, is Inleiding tot die Reg 171, Regsvaardighede 411, Wetenskapkommunikasievaardighede 172, Professionele Kommunikasie 113, en Gereedskap vir Bioloë 372.

Ná die toename in die aantal nagraadse studente wat in 2010 opgelei is, het die Biblioteek- en Inligtingsdiens die generiese nagraadse opleidingsprogram aanhou ontwikkel en uitbrei, dermate dat 21% méér studente in 2011 opgelei is (grafiek 2). Die voortsetting van die vennootskap met Elsevier, die beskikbaarheid van die ultramoderne elektroniese klaskamer in die Leersentrum, en pogings deur fakulteitsbibliotekarisse om nagraadse studente individueel met die vereiste inligtingsgeletterdheidsvaardighede toe te rus, het tot hierdie toename bygedra. Huidige nagraadse kredietdraende programme waarin fakulteitsbibliotekarisse in inligtingsgeletterdheidsvaardighede klas gee, is die Navorsingsmetodologie-module wat alle MBA-eerste-

Grafiek 1: Persentasie studente opgelei per fakulteit, 2009-2011 (Groepe)




Grafiek 2: Aantal nagraadse studente opgelei, volgens soort opleidingsprogram, 2009-2011



jaars volg sowel as die LLB- (nagraadse) module in Regsvaardighede.

Die oogmerk vir 2012 is om die assessering van die programme in inligtingsgeletterdheid uit te brei om die impak van inligtingsgeletterdheid op studentesukses te bepaal. Die plan is om ook die ontwikkeling van die virtuele generiese opleidingsruimte verder te voer vir raadpleging en selfstudie deur studente.

Grafiek 3: Aantal voorgraadse studente opgelei, volgens soort opleidingsprogram, 2008-2011



Die aantal voorgraadse studente wat met opleiding bereik is, het in sowel 2010 as 2011 afgeneem (grafiek 3). In 2010 was daar egter 'n toename in kredietdraende kurrikulumgeïntegreerde groepsopleiding. Dit is nie in 2011 gehandhaaf nie aangesien die Biblioteek se betrokkenheid by Inligtingsvaardighede 172 beëindig is en die statistieke vir hierdie klasse dus nie in die Biblioteek se opleidingstatistieke weerspieël kon word nie. Die aantal voorgraadse studente wat individuele biblioteekopleiding ontvang, sal na verwagting aanhou afneem namate al hoe meer fakultete met die Biblioteek- en Inligtingsdiens en die Taalsentrum begin saamwerk om verpligte kredietdraende kurrikulumgeïntegreerde programme soort-

Die oogmerk vir 2012 is om die assessering van die programme in inligtingsgeletterdheid uit te brei om die impak van inligtingsgeletterdheid op studentesukses te bepaal.

gelyk aan Inleiding tot die Reg 171, Regsvaardighede 411, Wetenskapkommunikasievaardighede 172, Gereedskap vir Bioloë 372 en Professionele Kommunikasie 113 aan te bied. Die beskikbare hulp vir voorgraadse studente in die Leersentrum sal ook die behoefte aan individuele opleiding vir dié groep verminder en fakulteitsbibliotekaris se geleentheid bied om sterker op navorsingsteun en opleiding vir nagraadse studente te konsentreer.

3.3 Bevordering van 'n kultuur van leer en innovasie onder personeel

Die veranderende hoëronderrigpedagogie en die toenemende invloed van tegnologie op die biblioteekomgewing het 'n oorgang in die rolle en verantwoordelikhede van die biblioteek en die bibliotekaris meegebring. Biblioteekklieënte werk al hoe meer vanaf afgeleë liggings met behulp van internetgebaseerde inligting. Nou, meer as ooit tevore, moet akademiese bibliotekaris se studente help om tersaaklike aanlynbronne van gehalte te identifiseer, lisensieooreenkomste vir bronne in die digitale biblioteek te beding en biblioteekdienste in gedigitaliseerde weergawes te omskep. Hierdie tegnologiese veranderinge het 'n behoefte geskep aan 'n nuwe kennisbasis en vaardigheidstel sowel as die behoefte om 'n veranderende biblioteekkultuur te begryp en 'n verskeidenheid nuwe etiese uitdagings die hoof te bied.

Een van die meer beduidende wyses waarop personeel tersaaklike opleiding en blootstelling kan bekom, is deur bywoning van en/of aanbiedings by konferensies en werksessies. 'n Aantal personeellede het dus in die jaar onder beskouing nasionale en internasionale konferensies bygewoon en/of referate daar aangebied.

Internasionale konferensies bygewoon

- Ellen Tise, Ina Smith en Reggie Raju het vanaf 6 tot 8 November 2011 die Berlyn 9-ooptoegangskonferensie in Washington, Amerika, bygewoon.
- Linda Bellairs het vanaf 13 tot 18 Mei 2011 die jaarkonferensie van die Mediese Biblioteekvereniging in Minneapolis, Amerika, bygewoon.
- Ilse de Lange het in Desember 2011 die Elsevierklieënteproduktedag in Nairobi, Kenia, bygewoon, waar sy twee referate aangebied het: "The Value and Impact of Migrating to E" en "Building the Road to E: a Case Study from Stellenbosch University".
- Santi de Jongh het vanaf 20 tot 22 Oktober 2011 die 2de Internasionale Simposium oor Etnomusikologie by die Universiteit van Makerere in Kampala, Uganda, bygewoon, waar sy 'n refe-

raat getiteld "The Documentation Centre for Music (DOMUS) at Stellenbosch University" aangebied het.

- Terwyl Naomi Visser en Lucia Schoombee deel was van 'n internskapprogram in Amerika het hulle in April 2011 die Akademiese Kollege- en Navorsingsbiblioteke-konferensie met die tema "A Declaration of Interdependence" in Philadelphia bygewoon.
- Ellen Tise was vanaf 18 tot 21 Mei 2011 'n gas en deelnemer by UNESCO se internasionale "Memory of the World"-konferensie in Warskou, Pole, sowel as IFLA (die Internasionale Federasie van Biblioteekverenigings en -instellings) se internasionale biblioteek- en inligtingskongres vanaf 13 tot 18 Augustus 2011 in San Juan, Puerto Rico.

Nasionale en plaaslike konferensies bygewoon

- In 2011 het tien personeellede die jaarkonferensie van LIASA (die Biblioteek- en Inligtingsvereniging van Suid-Afrika) bygewoon. Agt van die tien het referate aangebied. Dit is die meeste personeellede wat tot dusver by 'n enkele konferensie referate gelewer het.
- Vyf fakulteitsbibliotekarisse het in Mei 2011 die vyfde jaarkonferensie van die Akademieskap vir Onderrig en Leer by die Universiteit Stellenbosch bygewoon.
- Santi de Jongh het vanaf 1 tot 2 Junie 2011 die vyfde jaarkonferensie oor kennis-, argief- en rekordbestuur in Kaapstad bygewoon, waar sy 'n referaat getiteld "The creation of an electronic database of South African music collections" aangebied het.
- In Mei 2011 het Ilse de Lange die halfjaarlikse werksessie van SANLiC (die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek- en Inligtingskonsortium) in Durban bygewoon en 'n referaat getiteld "E-books: from Shelves to Cyberspace" daar aangebied. Sy het ook in November die eerste Springer-kliënteadviesberaad vir Suid-Afrika in Kaapstad bygewoon.
- Ina Smith en Wouter Klapwijk het vanaf 21 tot 25 Februarie 2011 die Nasionale Navorsingstiging se werksessie oor digitale bewaringsbestuur bygewoon.

Personeel wat referate of werksessies aangebied het

- Reggie Raju en Jaya Raju (van die Universiteit van Kaapstad) het 'n drie dae lange LIASA-werksessie getiteld "How to write an academic paper" aangebied.

- Reggie Raju het 'n navorsingstuk getiteld "Statutory status: is it the savior?" in die Mei/Junie 2011-uitgawe van die vaktydskrif *Cape Librarian* gepubliseer.
- Ellen Tise en Reggie Raju het 'n hoofstuk getiteld "Let's peel the onion together: exploration of the outer limits of international librarianship" in *Libraries in the early 21st century: an international perspective* onder redakteurskap van RN Sharma (De Gruyter, 2011) gepubliseer.
- Ellen Tise het in 2011 die voorwoord vir twee publikasies geskryf, naamlik *Libraries and Society: Role, responsibility and future in an age of change* onder redakteurskap van David Baker en Wendy Evans uit die stal van Chandos Publishing, en *Libraries as gateways to information and democracy: Improving networking, advocacy and lobbying strategies* onder redakteurskap van Clare Walker en uitgegee deur Ada Enup.

Ellen Tise het die volgende plaaslike en internasionale aanbiedings gelewer:

- "Library and information services' trends in the beginning of the 21st century", Afrika-biblioteekberaad, 11–13 Mei 2011, Johannesburg.
- "Research performance evaluation in SA higher education: Implications for academic libraries", Elsevier se "Connect"-seminaar 2011, Kaapstad en Pretoria.
- "Libraries in the New Decade of the Information Age: enhancing technologies and developing partnerships", 18de Internasionale Konferensie van die Krim 2011, 7–9 Junie, Sudak, Oekraïne.
- "New shoots in the baobab: African academic institutions adopting technology to improve access to information", Amerikaanse Biblioteekvereniging-jaarkonferensie, 23–28 Junie 2011, New Orleans, Amerika.
- "School libraries – empowering the twenty-first century learners", Internasionale Skoolbiblioteekkonferensie, 7–11 Augustus 2011, Kingston, Jamaika.

3.4 Uitbreiding en aanvulling van 'n volledige verskeidenheid inligtingshulpbronne

Die Biblioteek het gedurende die jaar onder beskouing sy materiaal deeglik beoordeel om leemtes in sy versamelings te vul. Fakulteite se kommentaar is ingewin oor hoe die materiaalversamelings verbeter kan word en watter bepaalde vaktydskrifformate en -titels gekies moet word om beter in fakulteite en studente se inligtingsbehoefte te voorsien.

Die volgende nuwe databasisse en vaktydskrifpakkette is in 2011 bekom. Dit behels belangrike titels wat die bestaande versameling sal verryk en portuurbeoordeelde kennis en bronne van gehalte sal bied om navorsing, onderrig en leer aan die Universiteit te ondersteun.

Nuwe aanlyntydskrifpakkette

Die volgende pakkette maak nou deel uit van die Biblioteek se versameling:

- **IOPScience** – Met IOPScience bekom die Universiteit toegang tot voorpunt- wetenskaplike navorsing oor die natuurwetenskappe en ingenieurswese.
- **Sage Journals Online** – Dít is 'n kernstel portuurbeoordeelde tydskrifte van gehalte op die vakgebiede van die sosiale en geesteswetenskappe wat nie gewoonlik by die groter, gewilder tydskrifpakkette ingesluit is nie.



- **Taylor & Francis Journal Collection** – Die Taylor & Francis-versameling is 'n multidissiplinêre versameling portuurbeoordeelde vaktydskrifte.

Nuwe databasisse


Die volgende nuwe databasisse is by die Biblioteek se versameling ingesluit:

- **SA Gazettes 1910–1993** – Dié terugblikargief van Staatskoerante bied onmiddellike toegang tot die volledige teks van Suid-Afrikaanse Staatskoerante vanaf 1910 tot 1993.
- **OECD iLibrary** – OECD iLibrary bevat al die publikasies en datastelle wat die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OESO), die Internasionale Energieagentskap (IEA), die Kernenergieagentskap (NEA), die OESO se Ontwikkelingsentrum, die Program vir Internasionale Studenteassessering (PISA) en die Internasionale Vervoerforum (IVF) sedert 1998 uitgereik het.
- **Access Physiotherapy** – Hierdie hulpbron bevat meer as 80 prosedure- en tegniekvideo's, 'n baie doeltreffende kadawerdisseksie-instrument en 'n ten volle geïntegreerde middeldatabasis met middeldosisse, indikasies, negatiewe middelreaksies en middel-interaksies.
- **British Pharmacopeia (BP)** – BP is die amptelike versameling standaarde vir medisinale produkte en farmaseutiese middels van die Verenigde Koninkryk. Hierdie hulpbron lewer 'n belangrike bydrae tot openbare gesondheid deur openbaar

verkrygbare standaarde vir medisynegehalte te stel.

Elektroniese vaktydskrifte


Die aantal elektroniese vaktydskrifte in die versameling het van ongeveer 51 100 titels in 2010 tot sowat 60 900 in 2011 toegeneem. Grafiek 4 toon dié toename. Dit sluit alle aanlynvaktydskrifte in wat deur middel van databasisse en tydskrifpakkette bekombaar is.



Uitbreiding van die boekversameling


Die Biblioteek brei steeds sy elektroniese boekversamelings op die belangrikste innoverende e-boekplatforms, onder meer eBrary, MyiLibrary, Gale Virtual Reference Library en ScienceDirect, uit en het e-boeke as 'n kernleerinstrument uitgewys wat voortreflike aanlynfunksies en voordele aan die Biblioteek se kliënte bied.

Grafiek 5 toon die beduidende toename in die e-boekversameling. Benewens die akademiese en tegnologiese voordele, bied elektroniese boeke ook heelwat voordele en toegevoegde waarde wat verwerkingskoste- en ruimtebesparings binne die Biblioteek betref.



Die gedrukte boekversameling het oor die jare bestendig toegeneem (grafiek 6), wat as teken dien van die Biblioteek se sorgvuldige aandag aan die bou van 'n robuuste versameling. Fakulteitsbibliotekaris se het nog altyd ten nouste met fakulteitspersoneel saamgewerk om slegs daardie titels te kies wat mees ter sake is vir die akademiese en vakkundige behoeftes van die instelling.

Grafiek 6: Grootte van die gedrukte boekversameling, 2004-2011



Gebruik van elektroniese hulpbronne

Die Biblioteek se aanlynhulpbronne word steeds wyd gebruik. Tabel 1 toon die aantal volledige tekste wat van die Biblioteek se 15 gewildste hulpbronne afgelaai is. Multidissiplinêre databasisse en tydskrifpakkette wat vir die meeste akademiese vakgebiede voorsiening maak, is die gewildste onder studente en navorsers. Tydskrifpakkette word ook ywerig benut, wat studente en navorsers se duidelike voorkeur toon vir portuurbeoordeelde aanlyn tydskrifte wat toegang tot internasionale akademiese kennis en navorsing bied.

Tabel 1: Aantal volledige tekste afgelaai van die voorste 15 databasisse

Hulpbronnaam	Volledige tekste afgelaai
ScienceDirect	395 986
JSTOR	199 305
Academic OneFile	164 630
Academic Search Premier	120 110
Wiley Blackwell Journals	97 905
Springer/Kluwer full-text journal package	64 292
Business Source Premier	56 719
PsycARTICLES	56 468
FirstSearch: South African Catalogue	40 426
Index to South African Periodicals (ISAP) by the National Library	31 264
SA ePublications	27 834
OVID Journals	26 194
ACS publications (American Chemical Society Journals)	25 537
IEEE/IET Electronic Library (IEL) - Journal	24 168
Emerald Management 125	20 877

3.5 Vryelike deel van institusionele vakkundige publikasie-uitsette

Die Universiteit Stellenbosch het sy onfeilbare verbintenis tot die deel van sy navorsingsuitsette met die grootste moontlike gehoor getoon. Hierdie verbintenis is stewig veranker in die instelling se breë strategiese doelwit om 'die kennisbasis uit te brei'. Die Universiteit en die Biblioteek- en Inligtingsdiens se bydrae tot oop toegang en die ooptoegangsbeweging het van krag tot krag gegaan. In 2010 was die Universiteit die eerste akademiese instelling suid van die Sahara om die Berlynverklaring oor Oop Toegang tot Inligting ten opsigte van die Natuur- en Geesteswetenskappe te onderteken. Suid-Afrika was ook die eerste Afrikaland wat as gasheer van die Berlyn-ooptoegangskonferensie aanvaar is, en is nou die eerste land op die vasteland (en een van net 'n handjievol instellings wêreldwyd) om vaktydskrifte formeel op 'n ooptoegangsforum met behulp van ooptoegangsgateware uit te gee.

Ooptoegangsfonds

Die Biblioteek het sedert 2009 institusionele lidmaatskap van BioMed Central (BMC). BMC is 'n aanlynuitgewer wat vrye en oop toegang bied tot die portuurbeoordeelde vaktydskrifte wat hulle uitgee. Dít was een van die Biblioteek se groot stappe ter ondersteuning van ooptoegangsinisiatiewe op institusionele en streeksvlak. Nóg 'n mylpaal is in Julie 2011 bereik toe die Biblioteek finansiering uit die Universiteit se Strategiese Fonds ontvang het om 'n Ooptoegangsfonds vir die instelling op die been te bring. Die doel van dié fonds is om navorsers van Universiteit Stellenbosch te help om in ooptoegangstydskrifte te publiseer.

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het oor die afgelope paar jaar die voortou geneem in die magtiging en fasilitering van oop toegang tot vakkundige navorsing. Met hierdie fonds erken die Biblioteek die rol van toegang tot wetenskaplike kennis in die ontwikkeling en mededingendheid van die instelling, die streek en die land in die geheel. In 2011 is sewe publikasies onder die vaandel van die Ooptoegangsfonds uitgegee, wat insluit artikels deur invloedryke uitgewers soos Public Library of Science (PLOS) en Bentham Science. Tot dusver is ongeveer R150 000 uit die Ooptoegangsfonds aan navorsers bewillig. Daarbenevens het die Biblioteek deur middel van sy BMC-institusionele lidmaatskap die publikasie van 26 artikels in BMC-tydskrifte gefinansier. Sowat R24 500 is voorts in die tydperk onder beskouing toegeken om US-outeursfooie te finansier.



Die SUNJournals-projek is aange-vuur deur die geweldige impak van toepaslike tegnologie op inligtingsversameling, -ordering en -verspreiding. Nóg 'n beduidende faktor in die groei van die ooptoegangsbe-weging en, in hierdie geval, die SUNJournals-projek was kwynende biblioteekbegrotings bo en behalwe eksponensiële stygings in die subskripsie-

pryse van vaktydskrifte. 'n Ondersoek na die gebruik van ooptoegangsagteware om vaktydskrifte uit te gee, het gevolglik tot die aanvaarding van die Open Journal Systems- (OJS-) sagteware vir die projek gelei.

Ná bykans tien maande van OJS-proefnemings het die Biblioteek 'n doeltreffende plaaslike infrastruktuur sowel as gepaardgaande prosedures ontwikkel om tydskrifpublikasie met behulp van OJS te ondersteun. Op 24 Oktober 2011 het die Universiteit Stellenbosch deur middel van die Biblioteek dus SUNJournals bekend gestel as gasheer van die 11 vaktydskriftitels wat tans met OJS uitgegee word.

Publikasie met behulp van OJS hou voordele vir sowel die gesoute as die nuwelingnavorsers in. Vir die gesoute navorsers maak die vinnige publikasieproses, mét volle behoud van vakkundige integriteit, die vroeë publikasie van die artikel, vroeë diskoers, vroeë portuurkommentaar, ensovoorts moontlik, wat alles tot nuwe navorsing en innovasie lei. Vir nuwelingnavorsers bied dit 'n manier om hul navorsingspublikasievaardighede uit te brei en aan 'n streng dog tegemoetkomende forum bekend gestel te word. Die vinnige omkeertyd sal ook die geesdrif om te publiseer, aanwakker.

SUNScholar

In 2011 het SUNScholar, die Universiteit Stellenbosch se ooptoegangsbewaarplek vir navorsing, voortgebou op die prestasies van 2010. SUNScholar is uitgebrei en 'n veel wyer verskeidenheid materiaal, wat intree-redes, konferensieverrigtinge en gepubliseerde tydskrifartikels insluit, is toegevoeg. Ondanks die aanvaarding van 'n wyer verskeidenheid soort materiaal, het die toevoeging van gepubliseerde vaktydskrifartikels in die bewaarplek steeds voorrang geniet. Wat dít betref, het die Biblioteek 'n strategie opgestel wat tot die uitbreiding van die bewaarplek bygedra het. Die bewaarplek bestaan uit meer as 16 000 items, wat dit een van die grootste bewaarplekke op die vasteland maak.

Volgens die Webometrics-ranglys van Julie 2011 het SUNScholar 182 plekke opgeskuif en is dit tans 165ste op 'n lys van 1 239 bewaarplekke wêreldwyd.

In pas met die Biblioteek se status as 'n leier in die inwerkingstelling van oop toegang, het Biblioteekpersoneel in die tydperk onder beskouing die volgende referate en/of werksessies oor oop toegang aangebied:

- Raju, R & Talliard, P. 2011. "Are we there yet?: open access at Stellenbosch University". LIASA 13de Jaarkonferensie 2011, 4 Oktober 2011, Oos-Londen.
- Smith, I. 2011. "Going for gold: opportunities for universities to open up their research". Universiteit van die Vrystaat se Seminaar oor Oop Toegang tot Inligting ten opsigte van die Natuur- en Geesteswetenskappe, 24 Oktober 2011.
- Smith, I, Gibson, H & Talliard, P. 2011. "Going for gold, achieving 'platinum' - opportunities for libraries towards opening access to information: a perspective from Stellenbosch University". Aanlynwerksessie aangebied as deel van die internasionale EIFL-OA- en EIFL-FOSS-temaweek, 24–28 Oktober 2011, om saam te val met Ooptoegangswêek 2011.

3.6 Gebruik van geskikte inligtingstegnologie om vakkundigheid te bevorder

Gebruikersgerigte webtuiste

In die huidige digitale omgewing is voortdurend beskikbare toegang tot inligtingshulpbronne 'n voorvereiste om in die uiteenlopende behoeftes van akademiese gebruikers van biblioteekhulpbronne te voorsien en bewustheid van die biblioteek se inligtingshulpbronne te wek. Die biblioteekwebtuiste is 'n belangrike instrument om dít te bewerkstellig. Namate biblioteke hul dienste na die internet verskuif, word die biblioteekwebtuiste 'n diens op sigself. Die webtuiste het so te sê die tweede deur van die biblioteek geword, wat virtueel en voltyds toeganklik is.

In die lig van die noodsaaklikheid van die webtuiste, het die Biblioteek 'n aansienlike bedrag bestee om sy digitale versamelings vir sy gebruikersgemeenskappe toeganklik te maak. Die nuwe SharePoint2010-ontwerpte webtuiste bied 'n aantal toegangspunte tot 'n verskeidenheid inligtingshulpbronne, wat ál sy databasisse sowel as sy navorsingsbewaarplek insluit.

'n Funksieryke en gebruikersgerigte webtuiste is in 2011 vir die Biblioteek- en Inligtingsdiens van stapel

gestuur. Die ontwerp van die webtuiste voorsien in die eietydse behoeftes van studente, met 'n sterk klem op 'soek en vind'. In 'n poging om die soek-en-vindproses voltyds aan gebruikers beskikbaar te stel, neem die druk van 'n knoppie die gebruiker vanaf enige Biblioteekwebblad na 'n gekonsolideerde soekkassie. Elke soekpoging lewer kitsresultate sowel as bykomende voorstelle oor hoe om verdere soekresultate uit te brei of te beperk. Die inligtingsontwerp van die webtuiste weerspieël die kernstruktuur en -funksies van die Biblioteek- en Inligtingsdiens, naamlik soek, dienste, gewilde vrae, die takbiblioteekstruktuur, en maklik toeganklike kontakbesonderhede vir algemene navrae en skakeling. Die webtuiste volg die korporatiewe identiteitsriglyne van die Universiteit, en is op die ontwikkelingsplatform vir dokument- en rekordbestuur sowel as webinhoudsbestuur gebou. Dít fasiliteer 'n naatlose samesmelting van dokument- en webinhoudsbestuur binne 'n enkele stelsel, sowel as die integrasie van die webinhoudstelsel by die persoonlikerekenaarkoppelvlak.

SUNSearch

Nóg 'n hoogtepunt vir die Biblioteek was die ontwikkeling en inwerkingstelling van SUNSearch. SUNSearch bewerkstellig 'n groot verbetering in navorsers se toegang tot akademiese hulpbronne, en bied toegang tot alle hulpbronne deur 'n enkele, gekonsolideerde koppelvlak. Dit ondersteun die alomteenwoordige aard van inligting, en bied studente en navorsers toegang tot inligting vanaf verskeie omgewings, onder meer die Leersentrum, Navorsingsruimte en ander sodanige gebiede op kampus sowel as vanaf studente en personeel se huise. Navorsers kan nou 'n enkele soekstrategie gebruik om deur 'n magdom inligtingshulpbronne na navorsingsartikels te soek, wat die inligtingsopsporingsproses drasties verbeter en die navor-


ser ontsaglik baie tyd spaar. SUNSearch maak deel uit van die nuwe Biblioteek-webtuiste, en die gebruikersgerigte ver-steksoekfunksie is vanaf elke blad van die webtuiste toeganklik. Dit integreer ook naatloos by die nagraadse portaal.

Mobiele toestelle

Studente kies al hoe meer om inligting op hul mobiele toestelle, soos mobiele, internetgeaktiveerde slimfone, te besigtig en te lees. In 2011 het die Biblioteek dus 'n wye verskeidenheid databasisse en instrumente gebied wat deur middel van mobiele slimfone deursoek kon word en toeganklik was. Benewens 'n mobiele koppelvlak met SUNSearch, is hierdie databasisse en instrumente verder toeganklik gemaak deur middel van 'n mobiele Biblioteekwebtuiste (<http://m.library.sun.ac.za>). Die mobiele webtuiste maak dit nou moontlik om met behulp van 'n 3G-aansluiting op óf weg van die kampus op SUNSearch rond te soek sowel as om individueel tot elk van die voormelde databasisse toegang te verkry. Georui-telike inligting om elk van die Biblioteek- en Inligtingsdiens se takbiblioteke te help opspoor, word aan eindgebruikers voorsien, sowel as kontakbesonderhede vir fakulteitsbiblio-tekarisse. Die mobiele webtuiste sal steeds 'n konstante groeipatroon volg om 'n méér funksierike en interaktiewe inligtingsdiens te word. Weereens streef die Biblioteek daarna om studente en personeel van tersaaklike inligting en inhoud op die beste, mees gepaste manier vir hul bepaalde behoeftes te voorsien.

4. Vennootskappe en samewerking

Die Universiteit Stellenbosch/Elsevier-vennootskap is vir die jaar 2011 verleng. Die vennootskap vir 2011 het weereens 'n verskeidenheid plaaslike opleidings- en vermoëbouwerkessies ingesluit wat die Universiteit van steun en vaardigheidsontwikkeling op die gebied van nligtingsgeletterdheid, navorsing en outeurskap voorsien het. Die ooreen-koms maak voorsiening vir die deel van kundigheid en kennis oor institusionele navorsingsprestasiestuur. Daarbenewens bied dit die Universiteit toegang tot duisende vakkundige elektroniese boeke op die gebied van die wetenskap, tegnologie en geneeskunde.



Binne die bestek van die vennootskap het die Biblioteek- en Inligtingsdiens in die verslagdoeningstydperk twee sleutelwerksessies aangebied wat deur Elsevier-konsultante gefasiliteer is. In Mei 2011 het deelnemers 'n werksessie oor die veranderende landskap van akademiese navorsing en publikasie bygewoon om tendense in akademiese navorsing en die fasilitering van internasionale publikasie te bespreek. Hierdie werksessie was een van etlike geleenthede wat die opening van die Navorsingsruimte gevier het.

In Julie 2011 was die Biblioteek gasheer vir 'n werksessie oor navorsingsprestasiëbeoordeling wat deur Universiteitsbestuur, akademici en navorsingsadministrateurs bygewoon is om die Universiteit se navorsingssterkpunte te verken en die norme daarvoor te bepaal. Onderwerpe wat bespreek is, sluit in die Universiteit se internasionale sigbaarheid en navorsingstopografie in vergelyking met sy eweknieë, sowel as die bestaande potensiaal vir navorsingsamewerking met plaaslike en internasionale vennote.

Daarbenewens het die Biblioteek pasgemaakte werksessies aangebied vir junior navorsers wat pas met hul loopbane begin het. Dié werksessies getiteld "How to write a world-class paper" en "Career guidance for researchers" is deur Elsevier-konsultante sowel as plaaslike vaktydskrifredakteurs en navorsingspersoneel gefasiliteer. Gedurende die outeurswerksessies het deelnemers unieke insig verkry in hoe uitgewers, redakteurs en keurders manuskripte wat aan wetenskaplike tydskrifte voorgelê word, beoordeel. Die Biblioteek het ook bibliometriese en sitasieontledingsopleiding sowel as soekstrategiewerksessies aangebied. Sowat 158 mense het hierdie geleenthede bygewoon wat deel uitgemaak het van die Biblioteek se toegespitste pogings om navorsingsvermoë te versterk, uitsette te vermeerder en die volgende generasie navorsers op te lei.

Al hierdie sessies is goed bygewoon en het heelwat bespreking en debatvoering uitgelok.

5. Spesiale geleenthede

In November 2011 het die Biblioteek- en Inligtingsdiens weereens 'n baie suksesvolle jaarlikse Biblioteeksimposium aangebied. Hierdie keer het die simposium gehandel oor navorsingsbiblioteke as transformeerders in die 21ste eeu, en die veranderende navorsingsomgewing waarin biblioteke hulself tans bevind. 'n Belangrike boodskap wat uit die simposium na vore getree het, is dat veranderinge in die navorsingsomgewing, soos digitalisasie, kruisdissiplinariteit, 'n toename in samewerking, en veranderinge in die



Afgevaardigdes by die jaarlikse Biblioteeksimposium van 2011

wetenskaplike publikasiesiklus, groot uitdagings vir biblioteke inhou. Biblioteke behoort innoverend te dink, toepaslike aanpassings te maak en geleenthede aan te gryp om navorsing fundamenteel te ondersteun.

Die simposium is deur 135 afgevaardigdes bygewoon, met sprekers soos dr Andrew Kaniki, Nasionale Navorsingstigting, Suid-Afrika; me Baerbel Eckelmann, QS se Eenheid Intelligensie; dr Alma Swan, Key Perspectives Bpk, Verenigde Koninkryk; mnr Scott Brandt, Purdue-universiteitsbiblioteke, Amerika, en prof Johann Groenewald van die Universiteit Stellenbosch. Mnr Jim Neal, die ondervoorsitter en universiteitsbibliotekaris van die Universiteit van Columbia, het die hoofrede virtueel gelewer.

Die 14de Internasionale Simposium oor Elektroniese Tesis en Verhandelings is in September 2011 in Kaapstad aangebied. Hierdie konferensie was die jongste in 'n reeks internasionale konferensies van die ND LTD (die digitale netwerkbiblioteek van tesis en verhandelings). Die konferensiegehoor het onder meer bestaan uit advokate, praktisyns, navorsers en studente wat werk op die gebied van elektroniese tesis en verhandelings en, op 'n breër vlak, oop toegang en digitale navorsingsbewaarplekke. Die Universiteit Stellenbosch het die konferensie saam met die Nasionale Navorsingstigting, die Komitee vir Hoëronderwysbibliotekarys van Suid-Afrika (CHELSA) en die Universiteit van Kaapstad aangebied.

6. Spesiale Versamelings: bydrae tot navorsingspublikasie-uitset

In 2011 is daar 267 nuwe titels vir Africana aangekoop teenoor 260 in 2010. Van die werke wat aangekoop is, is die volgende:



- *Souvenir of the great Bloemfontein disaster: an album of realistic photographs with full description of the catastrophe* (Kaapstad, 1904). 'n Besonder skaars historiese pamflet in uitset-

ende fisiese toestand. Hierdie tipe materiaal kom selde in die handel voor.

- *The black journey: across Central Africa with the Citroën Expedition* / Georges-Marie Haardt & Louis Audouin-Dubreuil (London, 1928). 'n Skaars 20^{ste}-eeuse Afrika-reisverhaal in goeie fisiese toestand.
- *The Red squad story* / Ross Meurant (Kaapstad, 1982). Hierdie boek vertel die storie van die omstrede 1981 Springbok rugbytoer na Nieu-Seeland, wat gekenmerk was deur politieke betogings.
- *Langalibalele: the crisis in Natal, 1873-1875* / WR Guest (Durban, 1976). 'n Belangrike en uitstaande studie oor hierdie baie gewilde onderwerp wat jaarliks deur Geskiedenis-studente nagevors word.
- *The last of the Nuba* / Leni Riefenstahl (New York, 1974). Hierdie skaars werk vul 'n bestaande versameling van die bekende fotograaf, Leni Riefenstahl, se Afrika-werke aan.
- Belangrike Suid-Afrikaanse kunsboeke wat in die versameling ontbreek het: *Lucas Sithole, 1985-1979: a pictorial review of Africa's major black sculptor* / F Haenggi (Johannesburg, 1979) en *Images of man: contemporary South African black art and artists* / EJ de Jager (Alice: Fort Hare University Press, 1992).
- Belangrike politieke geskiedenisse wat in die versameling ontbreek het: *The seeds of disaster: a guide to the realities, race policies and world-wide propaganda campaigns of the Republic of South Africa* / John Laurence (London, 1968); *Moses Kotane: South African revolutionary: a political biography* / Brian Bunting (London, 1975); *Oliver Tambo and the struggle against apartheid* / ES Reddy (New Delhi, 1987) en *Survival: taped interviews with South Africa's power elite* / Anna Starcke (Kaapstad, 1978).

Sommige van die tasbare uitkomst van inligtings-verskaffing in die afdeling, dit is, m.a.w. publikasies en ander aktiwiteite wat 'n direkte resultaat was van navorsing in die afdeling of inligting wat verskaf is deur die afdeling, is die volgende:

- *Briewe van WEG en NP van Wyk Louw* / geredigeer en ingelei deur JC Kannemeyer. Hermanus : Hemel & See Boeke, 2011.
- *A Weberian analysis of Afrikaner Calvinism and the spirit of capitalism* / Mohammed Rashid Begg. DPhil, Universiteit Stellenbosch, 2011.
- *Cape lives of the eighteenth century* / Karel Schoeman. Pretoria: Protea Book House, 2011. 'n Bydrae tot 'n geslagregister vir die Klerckfamilie / Gerhard Geldenhuys. *Capensis* 3, 2011, p19-32.



DOMUS (die Dokumentasiesentrum vir Musiek) meld ook aan dat die deel van die verskillende versamelings in die Sentrum met die akademiese gemeenskap in 2011 tot ses gepubliseerde artikels deur akademici, vier personeelreferate by internasionale konferensies sowel as navorsing deur vyf doktorsale studente op grond van die bronne in die DOMUS-versameling gelei het.

7. Slotopmerkings

Dit ly geen twyfel nie dat tegnologie in die 21ste eeu 'n toenemende rol in hoër onderwys sal speel. Instellings sal innoverende oplossings in gebruik neem wat sal verander hoe studente leer, kommunikeer, produseer, saamwerk en studeer – op, sowel as weg van die kampus; oplossings wat wisselwerking tussen fakulteite, personeel en studente sal verbeter. Die skep van innoverende dienste uit huidige en toekomstige tegnologieë vereis dat akademiese biblioteke hulself voortdurend sal herskep en voorberei op die toekoms om studente en fakulteite beter te dien.

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het die uitdaging aanvaar en sy dienste, fasiliteite en beplanning met mekaar versoen om doeltreffend op veranderende hoëronderwysparadigmas en ontluikende tendense in akademiese biblioteke te reageer. Die Biblioteek- en Inligtingsdiens se inisiatiewe is bedoel om tot die Universiteit se fokusgebiede van groter studentesukses, die uitbreiding van die kennisbasis en beter volhoubaarheid by te dra.

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens sal op sy pogings bly voortbou om tot navorsingsuitnemendheid en die versnelling van kennisproduksie aan die Universiteit Stellenbosch én daarbuite by te dra.

“Every decision we make affects how people experience the library. Let's make sure we're creating improvements”.

(Steven Bell, “Capture an Idea”-projek van die Temple-universiteitsbiblioteek.)